SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 27 AUGUSTUS 2017

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga gelees deur ……. [jou naam, roepsein en QTH]

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondagoggend 'n nuus bulletin om 08:15 Sentraal-Afrikaanse Tyd in Afrikaans en om 08:30 Sentraal-Afrikaanse Tyd in Engels uit op HF asook op baie BHF- en UHF-herhalers regoor die land. Echolink luisteraars kan by ZS6JPL inskakel vir 'n herleiding. 'n Potgooi is beskikbaar op die Liga se webwerf.

Hierdie oudio bulletin kan afgelaai word vanaf die Liga se webwerf by www.sarl.org.za waar jy hierdie sowel as vorige bulletins in teks formaat onder die nuus skakel aan die linkerkant van die webblad sal vind. Terwyl jy daar is, kan jy inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag,

DIE SARL HF GELYKGOLF KOMPETISIE VANMIDDAG

PEARS HANTEER WEER DIE TRANS-BAVIAANSE BERGFIETS WEDREN

en

AMATEUR RADIO KOMMUNIKASIE MET ANDER WÊRELDE

Bly gerus ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nusitems.

DIE SARL HF GELYKGOLF KOMPETISIE VANMIDDAG

Die laaste van die drie SARL HF-kompetisies, die HF Gelykgolf kompetisie, is vanmiddag Sondag 27 Augustus van 13:00 tot 16:30 UTC op die lug met gelykgolf aktiwiteit op 20, 40 en 80 meter. Soos in die vorige twee kompetisies, moet jy soveel sones en stasies per band werk en probeer om die stasies op al drie bande te werk. Die uitruiling is 'n RST-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer wat begin by 001.

Daar is twee SARL-trofeë in die Gelykgolf kompetisie, maar as jy aan al drie kompetisies deelgeneem het, kan jy nog meer trofeë wen. Die reëls is op bladsy 34 van die 2017 SARL Blouboek, lees die reëls voordat die kompetisie begin. Logstate moet slegs na zs4bfn@mweb.co.za gestuur word.

SONSVERDUISTERING QSO GESELLIGHEID 'N WENNER, WETENSKAPLIKE GEVOLGTREKKINGS MOET VERDER ANALISEER WORD

Die 2017 Sonsverduistering QSO Geselligheid (SEQP) is geskiedenis en, terwyl logstate nog inkom, lyk die voorlopige deelname getalle goed, volgens Nathaniel Frissell, W2NAF, van HamSCI.

“Alhoewel die finale syfers nog nie in is nie, toon voorlopige verslae dat meer as 670 000 kolle deur die Reverse Beacon Network (RBN) bespeur is en meer as 542 000 kolle is tydens die SEQP aan PSKReporter gerapporteer,” het Frissell op 22 Augustus aan die ARRL gesê. “Hierdie nommers sal toeneem namate data verwerk word.” Frissell het gesê oor die algeheel het die geleentheid goed afgeloop en hy het baie op-die-lug-aktiwiteit gehoor gedurende die 8 uur wat die SEQP geduur het.

“Dit sal tyd neem om ’n meer wetenskaplike analise hiervan te kry, maar ons moet teen die middel van hierdie semester ’n paar uitslae hê,” het Frissell gesê. Hy is ’n navorsing professor by die New Jersey Instituut van Tegnologie. Frissell en ander ondersoek of die skielike afwesigheid van sonlig tydens die verduistering - en veral van ultraviolet- en x-strale - die eienskappe van die boonste atmosfeer kortliks sal verander. (Die ARRL-brief)

DIE 24STE IARU STREEK 1 ALGEMENE KONFERENSIE

Die 24ste IARU Streek 1 Algemene Konferensie vind plaas van 16 tot 22 September by die Sparkassen Akademie Bayern in Landshut, Duitsland. Landshut is sowat 70 kilometer oos van München. Die Eerste Voltallige Vergadering vind plaas op Sondag 16 September, gevolg deur die verskillende werkgroepe se vergaderings. Van Maandag tot Woensdag sal die hoof komitees vergader - die Komitee vir Geloofsbriewe en Finansies (C2); Die Algemene Administratiewe en Organisatoriese Komitee (C3); Die permanente HF Komitee (C4); Die permanente BHF/UHF- en Mikrogolwe-Komitee (C5) en die permanente EMC-Komitee (C7). Daar sal ’n werkswinkel oor Groei Strategieë vir Amateur Radio wees en ’n aanbieding oor WRTC-2018 wat in Julie 2018 in Duitsland gehou sal word.

Die Finale Voltallige Vergadering vind plaas op Donderdag 21 September, waarin gestem word oor die verskillende aanbevelings van die komitees. Die nuwe Uitvoerende Komitee sal verkies word en die stemmery vir die gasheer van die 2020-konferensie sal tydens die voltallige vergadering plaasvind. Op Vrydag 22 September, gedurende die dag, besoek die afgevaardigdes BMW Wêreld en die Oktoberfest op Vrydagaand.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga sal verteenwoordig word deur Nico van Rensburg, ZS6QL, en Rassie Erasmus, ZS1YT. Rassie is op die lys van genomineerdes vir die nuwe Uitvoerende Komitee. Dennis Green, ZS4BS, die Sekretaris van Streek 1 sal na hierdie konferensie uittree. Hy het tot die einde van sy derde termyn gekom en kan nie herverkies word nie.

PEARS HANTEER WEER DIE TRANS-BAVIAANSE BERGFIETS WEDREN

Die Trans-Baviaans Bergfiets-wedren is ’n uitmergelende fietsry wat fietsryers deur die Baviaanskloof neem. Aangesien die meeste van die roetes in die Kloof geleë is waar daar nog geen selfoon infrastruktuur is nie, is die rol van die radio amateurs noodsaaklik. Die geleentheid vind oor twee naweke plaas, met byna

'n duisend spanne wat hulself toets.

PEARS, met behulp van Chris Scarr, ZS2AAW, het 'n kommunikasienetwerk op gestel wat voorsien het vir die behoeftes van die organiseerders. Tony Allen, ZR2TX, saam met Bevean, ZS2RL en Mel, het die Venue operasiesentrum vanaf die Jbay Mall beman. 'n Bykomende inligting verspreidingspunt is naby Patensie beman sodat spanne en ondersteuners op die grond ook inligting kan kry oor hul span se vordering sonder om na Jefferysbaai te gaan.

'n APRS-ruggraat is opgestel en is gebruik om die span se kontrolepunt tye oor te dra, asook om verskeie voertuie te volg. Twee verskillende metodes is geïmplementeer sodat ons sterk- en swakpunte vir die twee benaderings kon vergelyk en identifiseer. Twee plekke het Dire Wolf direk gebruik en die ander gebruik tradisionele TNC's. Daar is ook gebruik gemaak van die SARTrack sagteware pakket sodat lede bekend kan raak met die funksies wat aangebied word. SARTrack is 'n gratis rekenaarprogram wat ontwerp is vir gebruik vir soek en redding en kom uit Nieu-Seeland. SARTrack integreer bates (voertuie) spore, APRS boodskappe en af-lyn kartering en nog meer in 'n maklike koppelvlak. SARTrack kan gratis afgelaai word van die webwerf www.sartrack.co.nz.

'n Aparte stem kanaal was beskikbaar vir vriendelike geselery en natuurlik, belangrike verkeer in die geval van mediese noodgevalle. Gelukkig was daar geen ernstige beserings nie en ons kon makliker mededingers se onttrekkings en ontruimings beheer. Die tweede van die twee naweke het met die Vuurtoring-naweek oorvleuel. HF was opgestel en verskeie vuurtorings het QSO's met kontrolepunte langs die roete gemaak. QSO's met beide ZS1- en ZS5-stasies is van Bergplaas gemaak - een van die hoër kontrolepunte langs die roete. Die weer was gunstig en die uitstappies was deur al die radio amateurs geniet. Verskeie fietsryers het beide naweke bygewoon wat daarop dui dat hulle dit ook geniet het.

SEPTEMBER 2017 RADIO ZS

Die sluitingsdatum vir jou artikel vir die September Radio ZS was op Saterdag 26 Augustus, maar die redakteur sal steeds jou artikel tot môre aanvaar en jy kan dit stuur na radiozs@sarl.org.za. Die redakteur soek ook foto's vir die voorblad, wat in portret formaat moet wees.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

AMATEUR RADIO KOMMUNIKASIE MET ANDER WÊRELDE

Tagtig jaar gelede sou dit wetenskapfiksie gewees het as iemand ruimtereise moes noem, niemand sou jou in elk geval geglo het nie en dit was net in strokiesprente soos Flash Gordon. Sedert die Tweede Wêreldoorlog is talle kunsmatige satelliete geloods, mens het op die Maan geland, ruimtetuig het op Mars, op 'n maan van Saturnus en 'n ander op 'n asteroïde geland, terwyl Voyager 2 'n verbyvlug van Jupiter, Saturnus, Uranus en Neptunus gedoen het. Voyager 1 het voortgegaan in die interstellêre ruimte en is nou 21 miljard kilometer van die Aarde en nog steeds in radio-kontak met NASA.

Radio amateurs het baie stasies op planeet Aarde via EME of satelliete of vanaf die Internasionale Ruimtestasie (ISS) gewerk. Mars is die naaste aan die aarde, meer as 55 miljoen kilometer ver, maar wanneer dit om die Son reis kan dit 'n maksimum afstand van ongeveer 400 miljoen kilometer bereik. Die vraag is of die amateur radio diens op die planeet Mars kan werk in vergelyking met ons naaste buurman, die Maan, wat slegs 400 000 kilometer weg is? Lees meer in die September 2017-uitgawe van Radio ZS.

BAKEN NUUS

Hierdie week het sommige Beaconeers werklik geweldige afstande bereik op 40 meter waar die toestande sedert verlede week verbeter het. Sommige Beaconeers eksperimenteer tans met twee antennas om die verskille in stralings patrone in ag te neem en ook die verskille tussen lae en hoë krag. Vir meer inligting oor hoe om deel te neem aan hierdie opwindende tak van ons stokperdjie, kontak asseblief Leon Uys, ZR6LU, by +27 82 573 5580

UITSLAE VAN DIE SARL HF FOON KOMPETISIE

Die kompetisie komitee het 26 logstate ontvang vir die SARL HF Foon kompetisie wat op Sondag 6 Augustus 2017 gehou is. Die volledige uitslae is beskikbaar in HF Happenings 764.

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 231 punte 2de Woody Collet, ZS3WL - 139 punte 3de Marinus Willemstijn, ZS6MAW - 122 punte 4de Hans Kappetijn, ZS6KR - 114 punte

Die hoogste telling behaal op 'n enkele band was Woody Collet, ZS3WL, met 104 punte op 40 meter. Die Komitee wil die AKYAB-trofee toeken vir die amateur wat die hoogste telling behaal het in sy/haar eerste jaar van die foon, maar niemand het hulle logstate so gemerk nie.

In die Klub kompetisie is die uitslae 1ste Highway ARK - 314 punte 2de Bloemfonteinse ARK - 302 punte 3de Pretoria ARK - 205 punte

UITSLAE VAN DIE SARL JD NAELLOOP

Die kompetisie komitee het 16 logboeke ontvang vir die SARL JD Naelloop wat op Woensdag 9 Augustus 2017 gehou is. Vyf JDs van ZS5 en een elk van ZS2 en ZS3 het logstate ingedien. Die volledige uitslae is beskikbaar in HF Happenings 764, wat jy by www.sarl.org.za/hf_happenings.asp kan aflaai.

1ste Alta Gaybba, ZR3PA - 139 punte 2de Collette Rundle, ZS2CR - 126 punte 3de Dawn Snyders, ZS5ME - 124 punte 4 Heather Holland, ZS5YH - 87 punte

KOMPETISIES IN SEPTEMBER

Die tweede been van die SARL Nasionale Velddag loop Saterdag 9 September tot 10:00 UTC vanaf 10:00 UTC op Sondag 10 September met Gelykgolf, SSB en digitale modusse op 160 tot 10 meter.

Die tweede been van die SARL BHF/ UHF-kompetisie sal op Sondag 16 September vanaf 10:00 UTC op Sondag 16 September tot 10:00 UTC op die lug wees met FM, SSB, gelykgolf en digitale modusse van 6 meter en tot by die mikrogolwe.

Die Afrika Alle Modusse Internasionale DX-kompetisie is op Sondag 16 September vanaf 12:00 UTC op Saterdag 16 September tot 12:00 UTC op Sondag 17 September op die lug met Gelykgolf, RTD en SSB op 160 tot 10 meter. Jy kry al die inligting in die 2017 SARL Blouboek.

HERGEBOORTE VAN DIE OTL KLUB

Dit is met groot waardering en opwinding dat ons aankondig dat die OTL-klub weer aktief is. Vir die afgelope paar jaar was die OTL-klub net 'n naam, maar na 'n paar reëlings is 'n algemene jaarvergadering gehou op 13 Mei. Daar was 'n goeie bywoning en 'n nuwe komitee is verkies.

Met baie werk het die Klub die Middelburg 145,7375-herhaler en die verbindende UHF-herhaler by Steenkampsberg teruggebring. Die Laeveld-herhalers is elk in hul onderskeie stadiums van die verkryging van toerusting, vind 'n hoë perseel en dan uiteindelik terug in die lug.

Die OTL Club het tans 27 opbetaalde lede en 'n komitee van vier lede. Voorsitter - David Jansen van Rensburg, ZS6VS Sekretarisse - Yvonne Jansen van Rensburg, ZS6BSH Openbare Betrekkinge en Opleiding - Pieter Jacobs, ZS6XP Tegniese Koördineerder - Ernst Du Plessis, ZR6BDZ Besoek die Klub op sy Facebook-bladsy "ZS6OTL Amateur Radio Club" vir aktiwiteite en nuus.

BLOEMFONTEIN ARK AJV

Die AJV van die Bloemfontein ARK sal om 14:00 op Saterdag 2 September by hul klubhuis by die CBC-skool in Wilcocksweg gehou word. Die gewone bring en braai sal die vergadering volg met 'n kattebak verkoping op die kant. Kontak Dennis, ZS4BS by 082 770 9126 vir meer besonderhede.

WESRAND SNUFFELMARK

Die Wesrand Amateurradioklub bied op Saterdag 2 September 2017 hul volgende snuffelmark aan by hul klubhuis in Krotonstraat, Weltevredenpark in Roodepoort. Almal is welkom, bring u surplus toerustingen saam en ondersteun die verkopers op die dag. Vir meer inligting, kontak Geoff, ZS6C, by 082 546 5546

PRETORIA ARK AJV

Die 87ste Algemene Jaarvergadering van die Pretoria Amateurradioklub sal op 23 September 2017 by die Klubhuis van die Pretoria Motorklub in Keuningstraat in Silverton gehou word. Alle lede en belangstellendes is welkom om by die algemene jaarvergadering aan te sluit. Bring asseblief 'n braaipak saam vir die bring en braai daarna.

VOORTPLANTINGS VOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Sonvlekke AR 2671 en 2672 kan die bron van C-klas sonfakkels wees. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van agtien vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Plaaslik gaan 60 m gedurende die dag die beste voortplanting oor korter afstande oplewer. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Ten slotte, 'n dagboek van sommige komende gebeure:

Vandag - die SARL HF Gelykgolf kompetisie 2 September - Wesrand ARK Vlooimark en die Bloemfonteinse ARK AJV 9 en 10 September - die SARL Nasionale Velddag 16 en 17 September - die SARL BHF/UHF-kompetisie en die Afrika Alle Modusse Internasionale DX-kompetisie 16 tot 22 September - die 24ste IARU Streek 1 Algemene Konferensie 23 September - Pretoria ARK AJV

Om ons bulletin af te sluit, 'n vinnige oorsig van ons hoofnuus

Die laaste van die drie SARL HF-kompetisies, die HF Gelykgolf kompetisie, is vanmiddag Sondag 27 Augustus van 13:00 tot 16:30 UTC op die lug met gelykgolf aktiwiteit op 20, 40 en 80 meter. Soos in die vorige twee kompetisies, moet jy soveel sones en stasies per band werk en probeer om die stasies op al drie bande te werk. Die uitruiling is 'n RST-verslag en 'n opeenvolgende reeksnommer wat begin by 001.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuusbrokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuusberigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie. Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, 7P8DG, geredigeer deur Johan de Bruyn, ZS6JHB, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou 'n mooi week toe. Totsiens.

/EX